

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG



10c

Friday 14 October 1977

WINDHOEK

Vrydag 14 Oktober 1977

No. 3658

Government Notice

The following Republic Government Notice is published for general information.

H. P. F. GOUS,
Secretary for South West Africa.

Administration of South West Africa,
Windhoek

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. R. 2080 (Republic) 14 October 1977

THE RECORD BOOKS REGULATIONS, 1977

The Minister of Transport has, in terms of section 356 (1) of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act 57 of 1951), as amended, repealed the Record Books Regulations, 1961, promulgated under Government Notice R. 893 of 27 October 1961, as amended by Government Notice R. 355 of 17 March 1967, and has, in terms of the said section, made the regulations contained in the Schedule hereto, with effect from 28 October 1977.

SCHEDULE

ARRANGEMENT OF REGULATIONS

Regulation No.

1. Title of these regulations.
2. Interpretation.
3. Application for a record book at a place where there is a proper officer.
4. First issue of a record book.
5. Application for a record book at a place where there is no proper officer.
6. Certificate of discharge.
7. Report on the conduct, character and qualifications of a seaman discharged.
8. Lost record books.
9. Mutilated or damaged record books or record books which are full.
10. Refund of fees paid.

64581-A

Goewermentskennisgewing

Die volgende Republiek Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

H. P. F. GOUS,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Administrasie van Suidwes-Afrika,
Windhoek.

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. R. 2080 (Republiek) 14 Oktober 1977

DIE VERSLAGBOEKREGULASIES, 1977

Die Minister van Vervoer het kragtens artikel 356 (1) van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet 57 van 1951), soos gewysig, die Verslagboekregulasies, 1961, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 893 van 27 Oktober 1961, soos gewysig by Goewermentskennisgewing R. 355 van 17 Maart 1967, herroep en het kragtens genoemde artikel die regulasies in die Bylae hiervan vervat, uitgevaardig met ingang van 28 Oktober 1977.

BYLAE

INHOUDSOPGAWE

Regulasie No.

1. Titel van hierdie regulasies.
2. Woordomskrywing.
3. Aansoek om 'n verslagboek op 'n plek waar 'n bevoegde beampte is.
4. Eerste uitreiking van 'n verslagboek.
5. Aansoek om 'n verslagboek op 'n plek waar daar nie 'n bevoegde beampte is nie.
6. Ontslagsertifikaat.
7. Verslag oor die gedrag, karakter en kwalifikasies van 'n seeman wat ontslaan word.
8. Verlore verslagboeke.
9. Verslagboeke wat geskend of beskadig is of wat vol is.
10. Terugbetaling van gelde wat betaal is.

-1

Annex A.—Seaman's record book and certificates of discharge.

Annex B.—Certificate of discharge (interim).

Annex C.—Report on the conduct, character and qualifications of a seaman discharged.

TITLE OF THESE REGULATIONS

1. These regulations are called the Record Books Regulations, 1977.

INTERPRETATION

2. In these regulations the expression "the Act" means the Merchant Shipping Act, 1951 (Act 57 of 1951), as amended, and unless the context otherwise indicates, any expression used in these regulations to which a meaning has been assigned in the Act bears the meaning so assigned, and—

"contract of service" means a contract of service, other than an agreement with the crew, in which a seaman undertakes to serve in a ship;

"fisherman" means a seaman employed on a fishing boat or a sealing boat;

"record book" means a "Seaman's Record Book and Certificates of Discharge" set forth in Annex A.

APPLICATION FOR A RECORD BOOK AT A PLACE WHERE THERE IS A PROPER OFFICER

3. (1) Every seaman who has signed an agreement with the crew or who has entered into a contract of service, and to whom a record book has not been issued, shall forthwith complete an application in the form approved by the Secretary, and shall personally hand it to a proper officer for the issue to him of a record book.

(2) At the same time the seaman shall submit the original certificates which are required to enable the proper officer to make the relevant entries in the record book.

(3) The seaman shall also at the same time hand to the proper officer two photographs of size 65 mm by 40 mm of himself and pay a fee of R2.

FIRST ISSUE OF A RECORD BOOK

4. (1) The proper officer may, after satisfying himself that the particulars appearing on the application form are correct, transcribe them into the seaman's record book, details of which are set out in Annex A.

(2) After completion by the proper officer of the declaration appearing on page 4 of the record book, the seaman shall sign the book in the space provided on page 5 thereof, and the proper officer shall hand the book to him.

APPLICATION FOR A RECORD BOOK AT A PLACE WHERE THERE IS NO PROPER OFFICER

5. (1) At a place where there is no proper officer, the seaman shall complete the application form and hand it with the fee of R2, two photographs and other documents required in terms of regulation 3 to his employer or some other person authorised by the employer. The employer or other person authorised by him shall complete the certificate appearing in the application form and transmit it, with the necessary enclosures, to the nearest proper officer.

(2) The proper officer, on receiving the documents from the employer or other person authorised by the employer, shall deal with them in the manner outlined in regulation

Aanhangsel A.—Verslagboek en ontslagsertifikate van seeman.

Aanhangsel B.—Ontslagsertifikaat (tussentydse).

Aanhangsel C.—Verslag oor die gedrag, karakter en kwalifikasies van 'n seeman wat ontslaan word.

TITEL VAN HIERDIE REGULASIES

1. Hierdie regulasies heet die Verslagboekregulasies, 1977.

WOORDOMSKRYWING

2. In hierdie regulasies beteken die uitdrukking "die Wet" die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet 57 van 1951), soos gewysig, en tensy uit die samehang anders blyk, het enige uitdrukking waaraan in die Wet 'n betekenis geheg is, daardie betekenis wanneer dit in hierdie regulasies gebruik word, en beteken—

"dienskontrak" 'n dienskontrak, uitgesonderd 'n ooreenkoms met die bemanning, waarin 'n seeman onderneem om op 'n skip diens te doen;

"visserman" 'n seeman wat op 'n vissersboot of 'n robbevaarder in diens geneem is;

"verslagboek" die "Verslagboek en Ontslagsertifikate van Seeman" wat in Aanhangsel A uiteengesit word.

AANSOEK OM 'N VERSLAGBOEK OP 'N PLEK WAAR 'N BEVOEGDE BEAMPTTE IS

3. (1) Elke seeman wat 'n ooreenkoms met die bemanning onderteken het of wat 'n dienskontrak aangegaan het, en aan wie 'n verslagboek nie uitgereik is nie, moet onverwyld 'n aansoek in die vorm deur die Sekretaris goedgekeur, invul en dit persoonlik by 'n bevoegde beampte indien vir die uitreiking aan hom van 'n verslagboek.

(2) Terselfdertyd moet die seeman die oorspronklike sertifikate voorlê wat vereis word om die bevoegde beampte in staat te stel om die toepaslike inskrywings in die verslagboek te maak.

(3) Die seeman moet terselfdertyd twee foto's van homself, 65 mm by 40 mm groot, by die bevoegde beampte indien, en 'n bedrag van R2 betaal.

EERSTE UITREIKING VAN 'N VERSLAGBOEK

4. (1) Die bevoegde beampte kan, nadat hy hom daarvan vergewis het dat die besonderhede wat in die aansoekvorm verstrek word, juis is, hulle oorskryf in die seeman se verslagboek waarvan besonderhede in Aanhangsel A verstrek word.

(2) Nadat die bevoegde beampte die verklaring wat op bladsy 4 van die verslagboek verskyn, ingevul het, moet die seeman die boek onderteken in die ruimte wat op bladsy 5 daarvan verskaf word, waarna die bevoegde beampte die boek aan hom oorhandig.

AANSOEK OM 'N VERSLAGBOEK OP 'N PLEK WAAR DAAR NIE 'N BEVOEGDE BEAMPTTE IS NIE

5. (1) Op 'n plek waar daar nie 'n bevoegde beampte is nie, moet die seeman die aansoekvorm invul en dit, saam met die bedrag van R2, twee foto's van homself en ander dokumente wat ingevolge regulasie 3 vereis word, indien by sy werkgewer of 'n persoon wat deur die werkgewer gemagtig is. Die werkgewer of persoon deur hom gemagtig, moet die sertifikate wat in die aansoekvorm verskyn, invul en dit, saam met die nodige bygaande stukke aan die naaste bevoegde beampte stuur.

(2) Wanneer die bevoegde beampte die dokumente van die werkgewer of persoon deur die werkgewer gemagtig, ontvang, handel hy hulle af op die wyse uiteengesit in regulasie 4 (1). Die ingevulde boek word dan deur

4 (1). The completed book shall then be returned to the seaman through the employer or other person authorised by the employer, who shall have the declaration appearing on page 4 of the record book completed by a commissioner of oaths, and after the seaman has signed the book in the space provided on page 5 thereof, the commissioner of oaths shall hand the book to him.

CERTIFICATE OF DISCHARGE

6. Upon the discharge of a seaman who has signed an agreement with the crew or who has entered into a contract of service—

- (a) the master, in the case of a seaman other than a fisherman; or
- (b) the owner, in the case of a fisherman, or, if the owner is not available, the master;

shall issue to him a certificate of discharge in the form prescribed or in one of the spaces provided on pages 8 to 37 of the record book issued to him, and shall set forth in such discharge all the particulars for the recording of which spaces are provided on the said pages: Provided that where a seaman is for any reason not in possession of a record book, the master or owner, as the case may be, shall issue to that seaman a certificate of discharge in the form set forth in Annex B. The particulars appearing in such interim certificate shall as soon as conveniently possible be entered in the record book of the seaman, and such certificate shall be surrendered when the particulars have been so entered.

REPORT ON THE CONDUCT, CHARACTER AND QUALIFICATIONS OF A SEAMAN DISCHARGED

7. Upon the discharge of a seaman who has signed an agreement with the crew or who has entered into a contract of service—

- (a) the master, in the case of a seaman other than a fisherman; or
- (b) the owner, in the case of a fisherman, or, if the owner is not available, the master;

shall furnish to the proper officer before whom the discharge is made a report in the form set forth in Annex C, describing the conduct, character and qualifications of the discharged seaman, or stating therein that he declines to express an opinion thereon.

LOST RECORD BOOKS

8. (1) A seaman who has lost his record book and who desires the issue of a new one may, and a seaman who has lost his record book and who signs an agreement with the crew or who enters into a contract of service shall, complete an application in the form approved by the Secretary. The declaration concerning the circumstances in which the book was lost shall be made before a proper officer or, if there is no proper officer, before a commissioner of oaths.

(2) The completed application form, together with a fee of R2 and two new photographs of size 65 mm by 40 mm of the applicant, duly certified by the proper officer or commissioner of oaths as being a true likeness of the applicant, shall—

- (a) where there is a proper officer, be handed to that officer; or

bemiddeling van die werkgewer of persoon deur die werkgewer gemagtig, teruggestuur aan die seeman, wat die verklaring wat op bladsy 4 van die verslagboek verskyn, deur 'n kommissaris van ede laat invul, en nadat die seeman die boek onderteken het in die ruimte wat op bladsy 5 daarvan verskaf word, oorhandig die kommissaris van ede die boek aan hom.

ONTSLAGSERTIFIKAAT

6. Wanneer 'n seeman wat 'n ooreenkoms met die bemanning onderteken het of 'n dienskontrak aangegaan het, ontslaan word—

- (a) reik die gesagvoerder, in die geval van 'n seeman, uitgesonderd 'n visserman; of
- (b) die eenaar, in die geval van 'n visserman, of, as die eenaar nie beskikbaar is nie, die gesagvoerder;

aan hom 'n ontslagsertifikaat uit in die vorm wat voorgeskryf word of in een van die ruimtes wat verskaf word op bladsye 8 tot 37 van die verslagboek wat aan hom uitgereik is, in welke ontslag hy al die besonderhede moet verstrek waarvoor ruimtes op genoemde bladsye verskaf word: Met dien verstande dat, in gevalle waar 'n seeman om enige rede nie 'n verslagboek besit nie, die gesagvoerder of eenaar, na gelang van die geval, aan daardie seeman 'n ontslagsertifikaat moet uitreik in die vorm wat in Aanhangsel B uiteengesit word. Die besonderhede in sodanige tussentydse sertifikaat moet so gou doenlik in die verslagboek van die seeman ingeskryf word, en van sodanige tussentydse sertifikaat moet afstand gedoen word wanneer die besonderhede aldus ingeskryf is.

VERSLAG OOR DIE GEDRAG, KARAKTER EN KWALIFIKASIES VAN 'N SEEMAN WAT ONTSLAAN WORD

7. Wanneer 'n seeman wat 'n ooreenkoms met die bemanning onderteken het of 'n dienskontrak aangegaan het, ontslaan word, moet—

- (a) die gesagvoerder, in die geval van 'n seeman, uitgesonderd 'n visserman; of
- (b) die eenaar, in die geval van 'n visserman, of, as die eenaar nie beskikbaar is nie, die gesagvoerder;

aan die bevoegde beampte voor wie die ontslag plaasvind, 'n verslag verstrek in die vorm wat in Aanhangsel C uiteengesit word, waarin die gedrag, karakter en kwalifikasies van die seeman wat ontslaan word, beskryf word, of waarin verklaar word dat hy weier om 'n mening daarvoor uit te spreek.

VERLORE VERSLAGBOEKE

8. (1) 'n Seeman wat sy verslagboek verloor het en wat verlang dat 'n nuwe aan hom uitgereik word, kan, en 'n seeman wat sy verslagboek verloor het en wat 'n ooreenkoms met die bemanning onderteken of wat 'n dienskontrak aangaan, moet 'n aansoek in die vorm deur die Sekretaris goedgekeur, invul. Die verklaring aangaande die omstandighede waarin die boek verlore geraak het, moet voor 'n bevoegde beampte afgelê word of, as daar nie 'n bevoegde beampte is nie, voor 'n kommissaris van ede.

(2) Die ingevulde aansoekvorm, tesame met 'n bedrag van R2 en twee nuwe foto's van die applikant, 65 mm by 40 mm groot, behoort deur die bevoegde beampte of kommissaris van ede gewaarmerk as 'n ware weergawe van die applikant, moet—

- (a) waar daar 'n bevoegde beampte is, by daardie beampte ingedien word; of

(b) where there is no proper officer, be forwarded by the applicant to the nearest proper officer.

(3) If the Secretary is satisfied that the applicant has lost his record book, he may issue to him a new record book, and such record book shall be regarded as having the same force and effect as the original.

(4) No fee shall be chargeable if the applicant proves that his record book was lost through shipwreck or fire aboard ship.

MUTILATED OR DAMAGED RECORD BOOKS OR RECORD BOOKS WHICH ARE FULL

9. (1) A seaman whose record book is mutilated or damaged to such an extent that it can no longer be used or whose record book is full and who desires the issue of a new one may, and a seaman whose record book is mutilated or damaged to such an extent that it can no longer be used or whose record book is full and who signs an agreement with the crew or who enters into a contract of service shall, complete an application in the form approved by the Secretary. In the case of mutilation or damage, a declaration concerning the circumstances shall be made before a proper officer or, if there is no proper officer, before a commissioner of oaths.

(2) The completed application form, together with the fee, if such is payable in terms of subregulation (3), and accompanied by two new photographs of size 65 mm by 40 mm of the applicant, duly certified by the proper officer or commissioner of oaths as being a true likeness of the applicant, shall—

(a) where there is a proper officer, be handed to that officer; or

(b) where there is no proper officer, be forwarded by the applicant to the nearest proper officer;

and the proper officer shall, if he is satisfied that the applicant is the rightful owner of the record book and that the record book is mutilated or damaged to such an extent that it can no longer be used or that it is full, issue to the applicant a new book.

(3) The fee payable by an applicant for a new record book in terms of this regulation shall be R2: Provided, however, that no fee shall be chargeable if the record book has been mutilated or damaged through shipwreck or fire aboard ship or through fair wear and tear or where a new record book is issued in replacement of one which is full.

REFUND OF FEES PAID

10. (1) If an applicant has applied for a record book or the renewal of such a book and has paid the prescribed fee, the fee paid may be refunded to him by the Secretary if his application is not successful.

(2) An application for a refund shall be made in writing to a proper officer, or, where there is no proper officer, to the Secretary, and shall contain particulars of the amount paid, the number and date of the receipt issued and the place where the fee was paid. The proper officer, when application is made to him, shall transmit such application, together with the name and address of the seaman, to the Secretary.

(b) waar daar nie 'n bevoegde beampte is nie, deur die applikant aan die naaste bevoegde beampte gestuur word.

(3) Indien die Sekretaris oortuig is dat die applikant sy verslagboek verloor het, kan hy aan hom 'n nuwe verslagboek uitreik, en daar word geag dat sodanige verslagboek net so geldig en van krag is as die oorspronklike.

(4) As die applikant bewys dat sy verslagboek weens skipbreuk of brand aan boord verlore geraak het, is geen gelde betaalbaar nie.

VERSLAGBOEKE WAT GESKEND OF BESKADIG IS OF WAT VOL IS

9. (1) 'n Seeman wie se verslagboek in so 'n mate geskend of beskadig is dat dit nie meer gebruik kan word nie of wie se verslagboek vol is en wat verlang dat 'n nuwe aan hom uitgereik word, kan, en 'n seeman wie se verslagboek in so 'n mate geskend of beskadig is dat dit nie meer gebruik kan word nie of wie se verslagboek vol is en wat 'n ooreenkoms met die bemanning onderteken of 'n dienskontrak aangaan, moet 'n aansoek in die vorm deur die Sekretaris goedgekeur, invul. In die geval van skending of beskadiging moet 'n verklaring van die omstandighede wat daartoe gelei het voor 'n bevoegde beampte, of as daar nie so 'n beampte is nie, voor 'n kommissaris van ede afgelê word.

(2) Die ingevulde aansoekvorm, tesame met die gelde, as gelde ooreenkomstig subregulasie (3) betaalbaar is, asook twee nuwe foto's van die applikant, 65 mm by 40 mm groot, behoorlik deur die bevoegde beampte of kommissaris van ede getuig as 'n ware weergawe van die applikant, moet—

(a) waar daar 'n bevoegde beampte is, by daardie beampte ingedien word; of

(b) waar daar nie 'n bevoegde beampte is nie, deur die applikant aan die naaste bevoegde beampte gestuur word;

en die bevoegde beampte moet, indien hy oortuig is dat die applikant die regmatige eienaar van die verslagboek is en dat die verslagboek in so 'n mate geskend of beskadig is dat dit nie meer gebruik kan word nie of dat dit vol is, 'n nuwe verslagboek aan die applikant uitreik.

(3) Die gelde betaalbaar deur 'n applikant vir 'n nuwe verslagboek ooreenkomstig hierdie regulasie is R2: Met dien verstande egter dat geen gelde betaalbaar is nie indien die verslagboek geskend of beskadig is as gevolg van skipbreuk of brand aan boord of as gevolg van normale slytasie of as 'n nuwe verslagboek uitgereik word ter vervanging van een wat vol is.

TERUGBETALING VAN GELDE WAT BETAAL IS

10. (1) As 'n applikant aansoek gedoen het om 'n verslagboek of om die hernuwing van so 'n boek en die voorgeskrewe gelde betaal het, en sy aansoek afgekeur word, kan die Sekretaris die gelde wat hy betaal het aan hom terugbetaal.

(2) Aansoek om terugbetaling moet skriftelik gedoen word, en die aansoek moet aan 'n bevoegde beampte gerig word of waar daar nie 'n bevoegde beampte is nie, aan die Sekretaris, en dit moet besonderhede bevat van die bedrag wat betaal is, die nommer en datum van die kwitansie wat uitgereik is en die plek waar die gelde betaal is. Die bevoegde beampte moet, wanneer die aansoek aan hom gerig word, sodanige aansoek tesame met die naam en adres van die seeman aan die Sekretaris stuur,

ANNEX A

SEAMAN'S RECORD BOOK AND CERTIFICATES OF DISCHARGE

Surname (in block letters).....
 First names (in block letters).....

NAME, RELATIONSHIP AND ADDRESS OF NEXT-OF-KIN OR NEAREST FRIEND

Name.....
 Relationship.....
 Address.....
 Address of holder (if different from above).....

NOTICE TO SEAMAN

- (1) This record book is a record of your service and should be produced either to the proper officer or to an employer when you are seeking employment. Without this book you may find it difficult to obtain employment at sea.
 - (2) It is the duty of every master (or owner in the case of a fisherman) to give to a seaman discharged from his ship a certificate of discharge specifying the period of service and the date and place of discharge. It is in your interest to ensure that full particulars in regard to your sea service are entered in this book.
 - (3) Should you desert or fail to join your ship your book will, after a period, be forwarded to the Secretary for Transport, Pretoria. If you apply for its reissue, it may be returned to you with an entry in the discharge and character columns that the engagement was not completed, but if you have wilfully or through misconduct failed to join your ship, the Minister may under section 179 of Act 57 of 1951, withhold the book for such period as he thinks fit, and may refuse to furnish copies of your certificates of discharge or certified extracts of any particulars of service and character.
 - (4) In the event of your losing this book you should immediately notify the nearest proper officer or the Secretary for Transport, Pretoria. Application for a new record book must be made to the nearest proper officer and two new photographs (size 65 mm by 40 mm), duly certified, and a fee of R2 should accompany the application form. If you are able to prove that your book has been lost through shipwreck or fire aboard ship, no fee will be charged.
- N.B.*—Should this book come into the possession of any person to whom it does not belong, it should be handed to the nearest proper officer or be transmitted to the Secretary for Transport, Pretoria, marked "OFFICIAL".


SEAMAN'S RECORD BOOK AND CERTIFICATES OF DISCHARGE

DECLARATION

This is to certify that this record book has been issued in accordance with the provisions of the Record Books Regulations and the photograph affixed is a true photograph of the holder of the record book.

Date.....
 Place.....

Signature of proper officer



NAME OF SEAMAN

Surname (in block letters).....
 First names (in block letters).....
 Race..... Blood group..... Rhesus.....

Height in cm	Colour of—		Complexion
	Eyes	Hair	

Date, place and country of birth.....
 Tattoo or other distinguishing marks.....
 Nationality.....

Signature of seaman

DETAILS OF CERTIFICATES OF COMPETENCY

Grade	No.	Issuing authority and date	Certified: Signature of proper officer and date

DETAILS OF CERTIFICATES OF SERVICE

Grade	No.	Issuing authority and date	Certified: Signature of proper officer and date

DETAILS OF TRAINING COURSES

Date of course	Particulars of course	Certificate obtained	Certified: Signature of proper officer and date

RECORD OF SICK LEAVE

Period		Number of days	Signature of employer
From	To		

RECORD OF ANNUAL LEAVE

Period		Number of days	Signature of employer
From	To		

RECORD OF WORKMEN'S COMPENSATION

Date of injury	Date of assumption of duty	Number of days	Signature of employer

ANNEX B

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DEPARTMENT OF TRANSPORT—MARINE DIVISION

Merchant Shipping Act, 1951 (Act 57 of 1951), as amended

CERTIFICATE OF DISCHARGE (INTERIM)

[Section 113 (2) of Act 57 of 1951]

(Note.—The particulars appearing in this certificate shall as soon as possible be entered in the seaman's record book, when the certificate shall be surrendered.)

Name of ship	Official number	Gross tonnage	(¹)Power	Description of voyage or employment (e.g. foreign-going, coasting, fishing, etc.)

Full names of seaman (in block letters)	Date, place and country of birth	Rank or rating	Details of certificates of competency or qualification (if any)

Date and place of engagement	Date and place of discharge	(²)Copy of report of character	
		For ability	For general conduct

I certify that the particulars appearing in this certificate are correct and that the above-named seaman was discharged accordingly.

Dated this..... day of..... 19.....

(³)..... (Master/Owner)

Authenticated by

Date.....

Proper officer

Port.....

Signature of seaman

(¹) In the case of a radio officer, the wireless classification of the ship shall also be inserted.

(²) If the seaman does not require a report, enter "Endorsement not required".

(³) In the case of a seaman other than a fisherman, to be signed by the master. In the case of a fisherman, to be signed by the owner or by the master.

ANNEX C

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DEPARTMENT OF TRANSPORT—MARINE DIVISION

Merchant Shipping Act, 1951 (Act 57 of 1951), as amended

REPORT ON THE CONDUCT, CHARACTER AND QUALIFICATIONS OF A SEAMAN DISCHARGED

[Section 113 (4) of Act 57 of 1951]

Remarks:

(1) When a seaman is discharged and the master/owner declines to express an opinion on the conduct, character and qualifications of the seaman, the master/owner shall complete this form in duplicate and hand it to the proper officer, who shall retain one copy and forward the other copy to the Secretary for Transport.

(2) In Division D the master/owner shall merely record that he declines to express an opinion on the aforesaid features. If the seaman desires it, a copy of this report shall be handed to him, or the master's/owner's statement shall be endorsed in his record book.

(3) This form must be signed by the master in the case of a seaman other than a fisherman, and by the owner or master in the case of a fisherman.

A. DESCRIPTION OF SEAMAN

Surname (in block letters)	First names (in block letters)	Date, place and country of birth	Race	Rank or rating	No. of record book

B. DETAILS OF SHIP

Name of ship	Port of registry	Official number	Gross tonnage	*Power

C. DETAILS OF ENGAGEMENT AND DISCHARGE OF SEAMAN

Port of engagement	Date of engagement	Description of voyage or employment	Port of discharge	Date of discharge

D. REPORT ON CONDUCT, CHARACTER AND QUALIFICATIONS OF SEAMAN

General conduct	Ability (character and qualifications)

Port where form completed.....

Date.....

Signature of master/owner

E. STATEMENT BY SEAMAN

Port where statement made.....

Date.....

Signature of seaman

F. REPORT BY PROPER OFFICER

Port.....

Signature of proper officer

OFFICIAL DATE STAMP

* In the case of a radio officer, the wireless classification of the ship shall also be inserted.

**AANHANGSEL A
VERSLAGBOEK EN ONTSLAGSERTIFIKATE VAN SEEMAN**

Familienaam (in drukskrif).....
Voorname (in drukskrif).....

NAAM, VERWANTSKAP EN ADRES VAN NAASBESTAANDE OF NAASTE VRIEND

Naam.....
Verwantskap.....
Adres.....
Adres van houer (indien dit van bostaande verskil).....


KENNISGEWING AAN SEEMAN

- (1) Hierdie verslagboek is 'n verslag van u diens en dit moet aan of die bevoegde beampte of 'n werkgewer voorgelê word wanneer u om 'n betrekking aansoek doen. U mag dit moeilik vind om sonder hierdie boek werk ter see te vind.
 - (2) Dit is die plig van elke gesagvoerder (of eienaar in die geval van 'n visserman) om aan 'n seeman wat van sy skip ontslaan word, 'n ontslagsertifikaat te gee waarin sy diensyd en die datum en plek van sy ontslag vermeld word. Dit is in u belang om te verseker dat volledige besonderhede in verband met u seediens in hierdie boek aangeteken word.
 - (3) As u dros of in gebreke bly om by u skip aan te sluit, sal u boek, na verloop van 'n bepaalde tyd, aan die Sekretaris van Vervoer, Pretoria, gestuur word. Indien u aansoek doen om die heruitreiking daarvan, kan dit aan u terugbesorg word met 'n aantekening in die ontslag- en karakterkolomme dat die diensyd nie voltooi is nie, maar as u opsetlik of weens wangedrag versuim het om by u skip aan te sluit, kan die Minister, kragtens artikel 179 van Wet 57/1951, die boek vir 'n tydperk wat hy goed ag, terughou en weier om afskrifte van u ontslagsertifikaat of gesertifiseerde uittreksels van besonderhede van diens en karakter te verskaf.
 - (4) Ingeval u hierdie boek verloor, moet u dadelik die naaste bevoegde beampte of die Sekretaris van Vervoer, Pretoria, in kennis stel. Aansoek, om 'n nuwe verslagboek moet aan die naaste bevoegde beampte gerig word en twee nuwe foto's (grootte 65 mm x 40 mm), behoorlik gewaarmerk, en 'n bedrag van R2 moet die aansoekvorm vergesel. Indien u kan bewys dat u boek as gevolg van skipbreuk of brand aan boord van die skip verlore geraak het, is geen gelde betaalbaar nie.
- L.W.—As hierdie boek in die besit van enigeen kom aan wie dit nie behoort nie, moet dit by die naaste bevoegde beampte ingedien word of, gemerk "AMPTELIK", aan die Sekretaris van Vervoer, Pretoria, gestuur word.

**VERSLAGBOEK EN ONTSLAGSERTIFIKATE VAN SEEMAN
VERKLARING**

Hierby word gesertifiseer dat hierdie verslagboek uitgereik is ooreenkomstig die bepalings van die Verslagboekregulasies en dat die aangehegte foto 'n ware foto van die houer van die verslagboek is.

Datum..... Handtekening van bevoegde beampte
Plek.....



NAAM VAN SEEMAN

Familienaam (in drukskrif).....
Voorname (in drukskrif).....
Ras..... Bloedgroep..... Resus.....

Lengte in cm	Kleur van—		Gelaatskleur
	Oë	Hare	

Datum, plek en land van geboorte.....
Tatoeëer- of ander onderskeidingsmerke.....
Nasionaliteit.....

Handtekening van seeman

BESONDERHEDE VAN BEKWAAMHEIDSERTIFIKATE

Graad	No.	Owerheid wat dit uitreik en datum	Gesertifiseer: Handtekening van bevoegde beampte en datum

BESONDERHEDE VAN DIENSSERTIFIKATE

Graad	No.	Owerheid wat dit uitreik en datum	Gesertifiseer: Handtekening van bevoegde beampte en datum

BESONDERHEDE VAN OPLEIDINGSKURSUSSE

Datum van kursus	Besonderhede van kursus	Sertifikaat behaal	Gesertifiseer: Handtekening van bevoegde beampte en datum

VERSLAG VAN SIEKTEVERLOF

Tydperk		Getal dae	Handtekening van werkgewer
Vanaf	Tot		

VERSLAG VAN JAARLIKSE VERLOF

Tydperk		Getal dae	Handtekening van werkgewer
Vanaf	Tot		

VERSLAG VAN WERKNEMERSKADELOOSSTELLING

Datum van besering	Datum waarop diens aanvaar is	Getal dae	Handtekening van werkgewer

AANHANGSEL B

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
 DEPARTEMENT VAN VERVOER—MARINE-AFDELING
 Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet 57 van 1951), soos gewysig
 ONTSLAGSERTIFIKAAT (TUSSENTYDSE)
 [Artikel 113 (2) van Wet 57 van 1951]

(Opmerking.—Die besonderhede wat in hierdie sertifikaat verskyn, moet so gou moontlik in die verslagboek van die seeman aangeteken word en dan moet daar van die sertifikaat afstand gedoen word.)

Naam van skip	Amptelike No.	Bruto tonnemaat	(¹)Krag	Beskrywing van reis of diens (bv. vreemde vaart, kusvaart, visvang ens.)

Volle name van seeman (in drukskrif)	Datum, plek en land van geboorte	Rang of gradering	Besonderhede van bekwaamheid- of bevoegdheidsertifikaat (as daar is)

Datum en plek van indiensneming	Datum en plek van ontslag	(²)Afskrif van verslag van karakter	
		Vir bekwaamheid	Vir algemene gedrag

Hiermee sertifiseer ek dat die besonderhede wat in hierdie sertifikaat verskyn juis is en dat bogenoemde seeman dienooreenkomstig ontslaan is.
 Gedateer hierdie..... dag van..... 19.....

(¹)..... (Gesagvoerder/Eienaar)..... Gewaarmerk deur.....
 Datum..... Bevoegde beampte.....
 Hawe..... Handtekening van seeman.....

(¹) In die geval van 'n radio-offisier moet die radiokategorie van die skip ook ingevul word.
 (²) Indien die seeman nie 'n verslag verlang nie, vul in "Endossement nie verlang nie".
 (³) In die geval van 'n seeman, uitgesonderd 'n visserman, moet die gesagvoerder dit teken. In die geval van 'n visserman, moet die eienaar of gesagvoerder dit teken.

AANHANGSEL C

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

DEPARTEMENT VAN VERVOER—MARINE-AFDELING

Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet 57 van 1951), soos gewysig

VERSLAG OOR DIE GEDRAG, KARAKTER EN KWALIFIKASIES VAN 'N SEEMAN WAT ONTSLAAN WORD

[Artikel 113 (4) van Wet 57 van 1951]

Opmerkings:

(1) Wanneer 'n seeman ontslaan word en die gesagvoerder/eienaar weier om 'n mening uit te spreek oor die gedrag, karakter en kwalifikasies van die seeman, moet die gesagvoerder/eienaar hierdie vorm in duplo invul en dit aan die bevoegde beampte gee wat een afskrif moet behou en die ander afskrif aan die Sekretaris van Vervoer moet stuur.

(2) In Afdeling D moet die gesagvoerder/eienaar slegs aantekene dat hy weier om 'n mening oor voornoemde eienskappe uit te spreek. As die seeman dit verlang, moet 'n afskrif van hierdie verslag aan hom gegee word of die gesagvoerder/eienaar se verklaring in sy verslagboek geëndosseer word.

(3) Hierdie vorm moet deur die gesagvoerder geteken word in die geval van 'n seeman uitgesonderd 'n visserman, en deur die eienaar of gesagvoerder in die geval van 'n visserman.

A. BESKRYWING VAN SEEMAN

Familienaam (in drukskrif)	Voorname (in drukskrif)	Datum, plek en land van geboorte	Ras	Rang of gradering	No. van verslagboek

B. BESONDERHEDE VAN SKIP

Naam van skip	Registrasiehawe	Amptelike nommer	Bruto tonnemaat	*Krag

C. BESONDERHEDE VAN INDIENSNEMING EN ONTSLAG VAN SEEMAN

Hawe van indiensneming	Datum van indiensneming	Beskrywing van reis of diens	Hawe van ontslag	Datum van ontslag

D. VERSLAG OOR GEDRAG, KARAKTER EN KWALIFIKASIES VAN SEEMAN

Algemene gedrag	Bekwaamheid (karakter en kwalifikasies)

Hawe waar vorm ingevul is.....

Datum.....

Handtekening van gesagvoerder/eienaar

E. VERKLARING DEUR SEEMAN

.....

Hawe waar verklaring afgelê is.....

Datum.....

Handtekening van seeman

F. VERSLAG DEUR BEVOEGDE BEAMPTE

.....

Hawe.....

Handtekening van bevoegde beampte

AMPTELIKE DATUMSTEMPEL

* In die geval van 'n radio-offisier moet die radiokategorie van die skip ook ingevul word.

MILITARIA

Militaria is a military-historical journal published quarterly by the Documentation Service of the South African Defence Force.

This illustrated journal contains articles on subjects as:

The Anglo Boer War and early South African military history.

South Africa's participation in the two World Wars.

Unit histories.

The growth and development of the South African Defence Force.

Source publication and book reviews of important military publications are included in most issues.

To date 23 editions of *Militaria* have been published.

Current copies of *Militaria* may be obtained from The Government Printer, Private Bag X85, Pretoria, 0001, at R1 (overseas R1,25) per copy. Copies of most back editions are still available.

MILITARIA

Militaria is 'n militêr-historiese tydskrif wat deur die Dokumentasiediens van die Suid-Afrikaanse Weermag op 'n kwartaalbasis uitgegee word.

Hierdie geïllustreerde tydskrif bevat artikels oor o.a.:

Die Anglo-Boereoorlog en vroeëre Suid-Afrikaanse militêre geskiedenis.

Suid-Afrikaanse deelname aan beide Wêreldoorloë.

Eenheidsgeskiedenis.

Die groei en ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Weermag.

Bronnepublikasies en besprekings van militêr belangrike boeke word in die meeste nommers ingesluit.

Daar het reeds 23 uitgawes van *Militaria* verskyn.

Huidige nommers van *Militaria* kan by Die Staatsdrukker, Privaatsak X85, Pretoria, 0001, teen R1 (buitelands R1,25) per eksemplaar gekoop word. Die meerderheid vorige nommers is nog beskikbaar.

SOUTHERN CAPE FORESTS AND TREES

by

F. VON BREITENBACH

A guide to the indigenous forests of George, Knysna and Tsitsikama; their different types; their management and history; their trees and shrubs, ferns and herbs, grasses and lianes; their snakes, birds and mammals.

With a leaf-key to and descriptions of 100 forest tree species.

328 pages, 470 illustrations (photographs and line drawings), comprehensive index, hard cover.

Price R10,00. Abroad R12,50.

SUID-KAAPSE BOSSE EN BOME

deur

F. VON BREITENBACH

'n Gids tot die inheemse bosse van George, Knysna en Tsitsikama; hul verskillende tipes; hul bestuur en geskiedenis; hul bome en struik, varings en kruidagtige plante, grasse en klimplante; hul slange, voëls en soogdiere.

Met 'n blaarsleutel tot en beskrywings van 100 bosboomsoorte.

328 bladsye, 470 illustrasies (foto's en lyntekeninge), omvattende register, volband.

Prys R10 • Buiteland R12,50

Verkrygbaar by Die Staatsdrukker, Pretoria en Kaapstad

CONTENTS

INHOUD

<i>No.</i>	<i>Page No.</i>	<i>No.</i>	<i>Bladsy No.</i>
Transport, Department of Government Notice		Vervoer, Departement van Goewermentskennisgewing	
R.2080. Merchant Shipping Act (57/1951): The Record Books Regulations, 1977	1	R.2080. Handelskeepvaartwet (57/1951): Die Ver- slagboekregulasies, 1977	1

INHOUD

CONTENTS

INHOUD	CONTENTS
Y. van der Merwe, <i>Die Ver- rekening van die Suid-Afrikaanse Regering vir 1977</i>	Y. van der Merwe, <i>Account of the Government of South Africa for 1977</i>